1/5 430.E5.1

# F W DE KLERK

1. 'n Mens lees hierdie outobiografie met 'n deurlopende gevoel van tweeslagtigheid. Enersyds gaan dit oor een van die ingrypendste politieke gebeurtenisse van hierdie eeu : die laaste verdwyning van blanke minderheidsdominasie in die post koloniale era, en die deurslaggewende rol wat een van die hoofkarakters daarin gespeel het. Andersyds die persoonlike en geestelike swerftog van die mens wat dit ervaar, en help veroorsaak het. Wat het met hom gebeur dat hy so iets kon help bewerkstellig het?

2. Omdat dit "die outobiografie" van hierdie mens is, is dit eintlik die belangrikste hoek van waaruit 'n mens hierdie boek wil lees. Uiteraard is die fundamentele oorgang van Suid Afrika vanaf Apartheid na Demokrasie herhaaldelik, en vanuit verskillende perspektiewe geanaliseer, en geheranaliseer, en dit sal so voortduur tot in die ewigheid in. Wat analitiese insig betref, of historiese kontekstualisering is daar nie veel wat FW de Klerk se persoonlike relaas bydra nie. Trouens mens kry die indruk dat die boek geskryf is deur iemand wat nie goed ingestudeer is in die belangrikste ideologiese stromminge en politieke denkrigtings wat die wereld en Suid Afrika, voor en na die 2de Wereld Oorlog beinvloed het nie. Daar kan seker min ander lande wees wat so onder die vergrootglas gekom het as Suid Afrika. Dit is bekyk vanuit 'n Marxistiese, Nasionalistiese, Koloniale, Liberaal Demokratiese en ongekunstelde rassistiese raamwerk. Lees mens de Klerk, kry jy die indruk dat hierdie botsende denkrigtings hom grootliks koud gelaat het; dat hy amper eiehandig, in sy wegbeweeg van apartheid, die meriete van 'n liberale demokrasie vir Suid Afrika ontdek het. Dit is natuurlik ongeloofbaar.

3. Voordat ek dus hierdie werk bekyk van uit die persoonlike dimensie laat ek vooraf dit duidelik stel : Wat ookal die analitiese en polities perspektieflike tekortkomminge van hierde boek mag wees, en hulle is betekenisvol, FW de Klerk het 'n buitengewone en ingrypende politieke daad verrig wat besondere persoonlike waagmoed behels het, en wat die toekoms van Suid Afrika en sy mense onomkeerbaar verander het. Dit bly waar hoe, en op watter vlak mens ookal van hom mag verskil

4. Die sentrale vraag vanuit, 'n persoonlike hoek is : hoekom het hy dit gedoen? Toe ek hom hierdie vraag vra, kort na 2 Februarie 1990, het hy geantwoord : "Twee redes, ek het 'n geestelike sprong ervaar, en ek sou 'n gek wees om nie die gaping te neem wat die val van Kommunisme in Oos-Europa gebied het nie." Weereens die tweeslagtigheid: ervaring en analise; moraliteit en opportunisme. As outobiografie moet dit gaan oor "die geestelike sprong". Wat het gebeur met 'n konvensionele wit Afrikanerseun, (wat van moedersmelk Afrikaner nasionalisme ingeadem het in die geselskap van Nasionale Party leiers en wat 'n ideologie stelsel op die land afgedwing met 'n dogmatiese selfvertroue wat verstommend in sy omvang was), dat hy kon wegbeweeg van Apartheid na Demokrasie?

5. Mens soek tevergeefs na 'n geloofwaardige antwoord op hierdie vraag. De Klerk skryf in die idioom van 'n blanke Afrikaner Voortrekker leier, vandaar die titel : "Die Laaste Trek". In die voorlaaste hoofstuk skryf hy : "Soos met die eerste Groot Trek, was daar diegene wat verkies het om agter te bly, was daar verdwaaldes, en was daar argumente tussen die leiers oor watter rigting ons moes inslaan en hoe vinnig ons moes beweeg" (p.409). Maar by hom was daar nie twyfel nie; miskien 'n wankeling hier en daar, maar die pad voorentoe was vir hom duidelik. Daarom gaan hierdie boek oor hoe "ons die laer van Apartheid afgebreek het." (P.408)

6. Die eerste 12 hoofstukke is geskryf met die selfverheerlikende vroomheid van 'n penkop wat gebrei en geskaaf word vir Voortrekker leierskap. "Ek het my Ministers loopbaan terdeë geniet. My leertyd was voltooi en ek kon uiteindelik my bestuursvaardighede op die proef stel. Dit was opwindend om elke dag betrokke te wees by besluite wat 'n konstruktiewe bydrae tot die oplossing van Suid Afrika se toenemende probleme kon lewer." Mens lees voort met groeiende verwondering. He was geseën met elke deug en vervreem van alle ondeug.

7. Met sy selferkende passie vir logiese konsekwentheid het Verwoerd se gebrek daaraan in sy houding t.o.v. die kleurlinge de Klerk "so 'n bietjie gehinder". Ja, Apartheid het

ontsettende lyding en verdriet veroorsaak, maar dit was nie die bedoeling nie. (Isaiah Berlin praat van die "kultus van opregtheid" as 'n vloek van die 20ste eeu). Ja, hy was ten gunste van PW Botha se "hervormingsinisiatiewe" maar het tog vir Connie Mulder gestem as Eerste Minister. Hy het wel ingestem dat "drakoniese veiligheids maatreels" nodig was, maar net om die "totale aanslag" te besweer, nie om mense te vermoor en te folter nie. En alles wat werklik duister, onge-oorloof en 'n growwe skending van mense regte was, het hy nooit van geweet nie, en was elke keer geskok toė hy daarvan te wete gekom het. (Vir amper 30 jaar het Suzman mensalleen herhaaldelik skending van menseregte in die Parlement blootgestel. De Klerk was daar, maar noem haar nie eenkeer in sy boek nie.)

8. Vir 12 ½ jaar het ek hom sit en luister soos hy Apartheid verdedig het. Met so siniese, skewe glimlag het hy verduidelik hoe 'n liberale demokrasie, (presies wat hy help loods het), rampspoedig vir Suid Afrika sou wees, en waarom "Veelvolkige Afsonderlike Ontwikkeling" die enigste oplossing vir Suid Afrika is. Wat het van al daardie argumente geword? Hoe is hy oorreed dat hulle nie meer geldig is nie, en dat 'n "liberale demokrasie" **nou** die enigste oplossing is? Mens lees tevergeefs. Tot hy President geword het, was daar "slegte Apartheid" wat nie hervorm kon word nie; en "goeie Apartheid" (bv. erkenning van stedelike swartes en die Drie Kamer Parlement), wat wel hervorm kon word. In al sy portefeules was hy "n vernuwer" en "hervormer" en het hulle in beter toestand nagelaat as wat hy hulle gekry het. Sy broer Wimpie, het onderskei tussen "Verligtes and Verkramptes", altwee uiterstes vir De Klerk. Die derde kategorie wat dikwels buite rekening gelaat word, is die "konstruktiewe gebalanseerdes". Hy was by uitstek een, en moes dikwels verkramp voordoen, (nooit verlig nie), en duiwels advokaat speel, om te verhoed dat die hervormingswa nie in die drif vassit nie. Ai tog, dis net te fantasties! Ek ken 'n paar van sy Kabinet kollegas, wat hieroor gaan uitbars in 'n ongelooflike labui. Stel jou voor! FW die konsekwente en gefrustreerde hervormer.

9. Die werklike boeiende deel van die boek is vanaf hoofstuk 15 tot die einde. Dit is die periode vanaf 2 Februarie 1990 met sy toespraak oor die afskaffing van Apartheid en die ontbanning van die ANC tot sy uittrede. De Klerk wil voorgee dat voor, tydens en

daarna, 'n duidelike logiese en konsekwente beleidslyn geloop het met die ondersteuning van sy Party, en al die kiesers wat "ja" gestem het in die referendum. Mens hoef hom nie hieroor te ernstig op te neem nie. Dit is in elk geval nie wat hierdie deel interressant maak nie. Hier is 'n hele nuwe dimensie in die Suid Afrikaanse politiek, met nuwe rolspelers en 'n totaal anderse dinamiek. Hieroor skryf De Klerk boeiend en genuanseerd. Veral sy sukkelende en toenemend onbevredigende verhouding met Mandela word 'n voorspel van probleme wat Suid Afrika vandag in die gesig staar : gebrek aan wedersydse vertroue, oor en weer beskuldigings, bevraagteken van bona fides ens.

10. Dit is beter om die meriete, aldan nie, van die bedingingsproses oor te laat aan deurdringende wetenskaplike en akademiese analise. Hierdie is nie die geleentheid daarvoor nie. Wat op 'n meer persoonlik vlak verstom, is De Klerk se obsessie met persoonlik morele verontskuldiging. Hy kan net op geen manier insien dat sy verbintenis met Apartheid en alles wat dit behels, nie afgemaak kan word met legalistiese en formele argumente nie. Dit het veral geblyk in sy voorleggings voor die WVK. Hier was 'n eenmalige moment vir hom om te oortuig en te ooreed oor sy "geestelike sprong". Bekering is 'n hoogs emosionele en ontboesemde ervaring. De Klerk het opgetree soos 'n betaalde prokureur vir sy gewete.

11. Oor sy persoonlike verhoudings en hoe dit sy openbare optrede kon beïnvloed het, kan net bespiegel word. As mens die tydperk vergelyk vanaf die begin van sy verhouding met die Griekse dame, die verskillende emosionele stroom versnellings tot die huwelik, met sy politieke dagboek, dan is dit duidelik dat hy 'n baie besige en gewroegde man moes gewees het. Maar dit daar gelaat, vlees en bloed kan net soveel verduur. In elk geval, dit is selde dat mens se private lewe bevredigend openbaar gemaak kan word vir alle betrokke partye. Hulle is almal geregtig om soveel geluk te oes as wat die res van hulle lewe kan losmaak.

12. In sy geheel 'n teleurstellende boek, gegee die dramatiese tyd in die geskiedenis van ons land wat dit probeer dek het. Ander sal ongetwyfeld beter en meer insiggewend skryf oor die objektiewe omstandighede waarin die proses van oorgang plaasgevind het. Maar dit

430. E5. 1

is net vir FW de Klerk beskore om 'n besondere persoonlike insig te gee oor hoe sy "geestelike sprong" gebeur het, en hoe dit 'n bydrae gelewer het tot die geboorte van 'n onverwagte toekoms vir ons land. Diè geheim bly nog steeds begrawe in die bladsye van sy outobiografie. En dis jammer. .

* * * TRANSMISSION RESULT REPORT ( 9.DEC.1998 11:34 ) * * *

TTI SLABBERT

| DATE | TIME | ADDRESS | MODE | TIME | PAGE | RESULT | FILE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9.DEC. | 11:32 | PENTA CAPE | TES | 2'19" | P. 6 | OK | 070 |

P : POLLING
S : STANDARD
M : MEMORY
D : DETAIL
L : SEND LATER
F : FINE
E : ECM
> : REDUCTION